basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2015 (R)

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Wees versigtig waarvoor jy wens. **[50]**

1.2 Ek was daar. **[50]**

1.3 As ek saans my kamerdeur toemaak … **[50]**

1.4 Maak swaarkry ’n mens sterker? Ja of nee? **[50]**

1.5 Ek mag sê wat ek dink! **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet ’n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1

[Uit: www.google.com] **[50]**

1.6.2

[Uit: www.google.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: www.google.com] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 FORMELE BRIEF

Jy en jou maats het besluit om 'n kinderhuis te help.

Skryf 'n **formele brief** aan mnr. Strydom, die bestuurder van Checkers Supermark op jou dorp, waarin jy geld vra. Jy moet aandui waarvoor die geld wat julle wil insamel, gebruik gaan word. **[30]**

2.2 HULDEBLYK

Jou buurman is onlangs oorlede.

Skryf 'n **huldeblyk** wat jy by die begrafnisdiens oor hom gaan lewer, neer. **[30]**

2.3 NOTULE

Die graad 12-komitee van jou skool hou die laaste vergadering van die jaar.

Hieronder verskyn die agenda. Skryf slegs daardie deel van die **notule** wat oor "Nuwe Sake" (5.1–5.3) handel, neer.

Agenda van 'n vergadering van die graad 12-komitee van Hoërskool Saamstaan wat Maandag 3 Augustus 2015 om 15:00 in die skoolbiblioteek gehou sal word.

AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Notule van die vorige vergadering
4. Sake uit die notule
5. **Nuwe sake:**

5.1 'n Laaste poging om geld vir die skool in te samel
5.2 Ons laaste talentaand
5.3 Ons laaste skooldag

6. Algemeen

6.1
6.2

7. Datum van volgende vergadering
8. Afsluiting

MA Mbhele	C Smith
MA Mbhele	C Smith
Voorsitter	Sekretaris

[30]

2.4 FORMELE TOESPRAAK

Jy het die graad 12-Junie-eksamen goed geslaag. Jy moet jou geheim vir sukses tydens die graad 11-oueraand met die ouers en leerders deel.

Skryf die **formele toespraak** wat jy tydens die oueraand gaan lewer, neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 AANWYSINGS

Jy het onlangs verhuis. Jou maat wil by jou kom kuier, maar ken nie die pad nie.

Gebruik die padkaart hieronder. Gee jou maat duidelike aanwysings in 7–10 sinne. Die aanwysings is van Brandstraat af na jou huis in Cohenstraat 10. Noem ’n paar straatname en bakens wat jou maat op pad sal sien. Skryf jou aanwysings puntsgewys neer.



[20]

3.2 UITNODIGING

Jy en ’n groep vriende reël ’n ontbyt vir julle ma’s om hulle te bedank vir die rol wat hulle in jul lewens speel.

Ontwerp die **uitnodigingskaartjie** vir hierdie ontbyt. **[20]**

3.3 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het baie uitgesien na jou matriekafskeid. Jy het moeite gedoen met jou klere, jou voorkoms en die vervoer.

Maak die volgende **dagboekinskrywings** vir TWEE dae:

- Jou gedagtes/gevoelens die dag VOOR jou matriekafskeid
- Jou gedagtes/gevoelens die dag NA jou matriekafskeid **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou